Enkele gedagtes oor Afrikaans as onderrigtaal aan die Universiteit van Pretoria

TAAL EN HOËR ONDERWYS: KERNDOKUMENTE

- Grondwet
- Beleid van die Minister van Hoër Onderwys afgekondig ingevolge artikel 3 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997
- Statute van die onderskeie universiteite
- Taalbeleide van die onderskeie universiteite

UNIVERSITEITE –VERSOENING VAN VELE DINGE WAT IN VELE RIGTINGS TREK

- Die kerndoelstelling van universiteite
- Universiteite, kwaliteit en globalisering
  - Internasionale ranglyste
  - Statuur van individuele akademici
  - Internasionale studente, personeel en samewerking
  - Eksterne befondsing van navorsing
  - Meer met minder
  - Differensiasie
- Nasionale doelstelllings
  - Transformasie
  - Indiensnemingsbillikheid (EE)
  - Oplossing vir/verligting van SA se sosiale en maatskaplike werklikhede

UNIVERSITEITE: STUDENTE-INSKRYWINGS I.T.V. AFRIKAANS HUISTAAL

(Hemis-data)

INSTELLING	2005	INSTELLING	2009	INSTELLING	2012
US	60%	US	53%	US	51%
UP	36%	UP	29%	UP	29%
NWU	34%	NWU	31%	NWU	30%
UVS	33%	UVS	31%	UVS	26%
CPUT	22%	CPUT	20%	CPUT	19%
TOTAAL	**15%**		**13%**		**12%**

doi.10.17159/2224-7912/2015/v55n1a16

WATTER MEGANISMES GEBRUIK DIE STAAT OM HOËR ONDERWYSINSTELLINGS TE RIG?

- **Die volgende meganismes bestaan:**
    - Nasionale wetgewing
    - Befondsing van universiteite
    - Prestasie-ooreenkomste met Rade van universiteite en gepaardgaande verslagdoening
    - Beleide in terme van die Wet op Hoër Onderwys
    - Magte van die Minister van Hoër Onderwys om direktiewe uit te reik

Bogenoemde moet binne die raamwerk van die Grondwet geskied.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA KERNTAALDATA

	2011	**2014**
Voorgraadse studente	31 895	34 459
Nagraadse studente	13 048	13 569
Totale aantal studente	44 943	48 028
Afrikaans as huistaal	15 436	13 974
Totale aanbod:	**2013**	
Modules slegs in Afrikaans	58	
Modules parallel	1 439	
Dubbelmedium	1 128	
Modules slegs in Engels	1 974*	
* Waarvan 1 230 nagraadse modules is.		

AKADEMIESE PERSONEEL PERMANENTE AANSTELLING (TAALVOORKEUR)

	2010	**2014**
AFRIKAANS	57%	51%

UP SE TAALBELEID – SPESIFIEK WAT AFRIKAANS BETREF

- **Aanvraag en bekostigbaarheid, maar probeer terselfdertyd Afrikaans op die langtermyn te beskerm as universiteitstaal**
- **Wat probeer ons met die kernkursusbenadering?**
    - Bewaar en bou Afrikaans as vaktaal uit
    - Opleiding van onderwysers om in Afrikaans onderrig te kan verskaf

doi.10.17159/2224-7912/2015/v55n1a16

PROBLEME MET TAALBELEIDE

1. Staat en Taalbeleid

- Geen staatsbefondsing om meertalige onderrig te ondersteun nie.
- Geen verpligting op universiteite om jaarliks formeel verslag te doen oor meertaligheid nie.
- Geen werklike riglyne oor hoe om botsende doelstellings sinvol te versoen nie.

2. Effek van globalisering van Hoër Onderwys

3. Taalbeleide en Bestuur

- Beleide maklik wysigbaar.
- Taalbeleide te veel gekoppel aan die lotgevalle van individue.

DIE TOEKOMS?

- Waar was ons 20 jaar gelede?
  Waar gaan ons oor 20 jaar wees?
- Geen universiteit gaan op sy eie hierdie saak op die langtermyn oplos nie.
- Ons moet 'n politieke oplossing kry – rolspelers moet praat met die Staat.
- Onderrigtaal is deel van die groter hoër onderwys differensiasie-debat.

Prof NJ Grové
Universiteit van Pretoria
E-pos: Elana.VanVreden@up.ac.za

doi.10.17159/2224-7912/2015/v55n1a16